**Die verwerping van Saul as koning (OP190)**

**1 Sam 13:1-15:35**

**22 September 2024**

Laasweek het ons gekyk na die volk wat vir ‘n koning gevra het. Hulle het geredeneer die Here het al vroeër in die openbaringsgeskiedenis aangedui dat daar ‘n punt gaan kom dat die volk deur ‘n koning gelei sal word, en hulle wou hê dat so ‘n koning hulle in besonder in hulle oorloë teen die ander volke moet lei. Alhoewel Samuel geoordeel het hierdie versoek van die volk was ‘n verwerping van die Here as hulle werklike Koning, en alhoewel die Here met Samuel saamgestem het, het die Here tog gesê Samuel moet voortgaan en ‘n koning vir die volk aanwys. Saul is gevolglik deur die Here aangewys as hulle koning, en Samuel het Saul gesalf as koning. In Samuel se afskeidsboodskap as rigter oor die volk, het hy hulle egter ernstig gewaarsku dat hulle steeds gehoorsaam aan die Here moet wees – hulle én hulle koning. Die feit dat hulle ‘n koning het, verander nie aan die Here se verwagting van gehoorsaamheid nie, en die Here het Moses se boodskap bevestig.

Kan ek jou ook net weereens daaraan herinner dat die Here alreeds in Deut 17 deur Moses aan die volk die vereistes gegee het waaraan die koning moet voldoen. Die vereistes is: Die koning moet deur die Here gekies word, die koning moet ‘n lid van die volk wees, die koning moet nie geneig wees tot sonde nie en moet hom distansieer van byvoorbeeld baie perde, baie vrouens en baie goud en silwer. Boonop moet die koning vir homself ‘n kopie van die wet van die Here maak, en dit gereeld lees, sodat hy die wil van die Here goed kan verstaan, en ontsag vir die Here sal hê. Die koning moet homself ook nie hoër ag as sy volksgenote nie.

Wel, soos ons gesien het, was Saul die eerste koning van die volk. Hy was deur die Here self aangewys as eerste koning, hy was afkomstig uit die stam van Benjamin – hy was dus ‘n lid van die volk. En ons het ook laasweek gesien dat alhoewel sy koningskap wankelrig begin het, het hy vlam gevat en die volk suksesvol gelei in hulle oorlog teen die Ammoniete – en sodoende is sy koningskap herbevestig, en is hy algemeen onder die volk aanvaar as koning.

Maar ons weet dat Saul later deur die Here verwerp is as koning. Ek wil vandag stilstaan by die gebeure wat aanleiding gegee het tot hierdie verwerping soos ons dit vind in 1 Sam 13-15. Ons gaan na die volgende kyk: (1) Gebeure tydens die oorlog teen die Filistyne (1 Sam 13:1-14:46), (2) Saul se ander oorloë (1 Sam 14:47-52), (3) Gebeure tydens die oorlog teen die Amalekiete (1 Sam 15:1-35), en (4) Hoekom die Here Saul verwerp het as koning, alhoewel Hy hom vroeër aangestel het.

<u>Gebeure tydens die oorlog teen die Filistyne (1 Sam 13:1-14:46)</u>

Ons lees in 1 Sam 13 dat Saul ‘n derde van sy manskappe onder sy seun Jonatan se beheer geplaas het, en twee derdes was onder sy eie beheer. Jonatan het die Filistyne se wagpos by Gibea aangeval (1 Sam 13:3). Die gevolg was dat die Filistyne teen Israel opgetrek het, met ‘n groot oormag. Saul het toe al sy manskappe opgeroep. Maar die manskappe het gesien dat daar vir hulle moeilikheid wag – lees vers 6. Lees ook verse 8-9. Dit blyk dat Saul en Samuel ‘n staande ooreenkoms gehad het: wanneer daar so ‘n krisis ontstaan, sal Samuel binne sewe dae dan na Saul toe kom met die doel om brandoffers te offer en maaltydoffers te slag (kyk na 1 Sam 10:9). Die doel met hierdie offers was sodat Samuel daardeur die wil van die Here soek, sodat hy aan Saul bekend kan maak wat Saul moet doen in die krisis. Ons lees nou dat Saul inderdaad die sewe dae lank gewag het – maar Samuel het nie opgedaag nie. Boonop het die manskappe begin dros – die krisis was dus besig om te verdiep. Saul het gevolglik geoordeel hy moet iets doen – hy offer toe self die brandoffer.

Lees verse 10-12. Net toe Saul die brandoffer offer, kom Samuel daaraan. Saul wil Samuel groet, maar Samuel wil direk weet wat Saul gedoen het. Saul se verweer ter verdediging van sy optrede om self die offer te bring, is die volgende: (1) Die manskappe was besig om te dros, (2) Samuel het nie op die afgespreekte tyd opgedaag nie, (3) die Filistyne is besig om saam te trek teen hom, en (4) hy wou die guns van die Here soek deur die offer te bring voor hy optree. Dit klink tog nie so erg – nie waar nie? Ten minste wou Saul die guns van die Here soek, te midde van 'n steeds groeiende krisis!

Maar Samuel oordeel anders – lees verse 13-15. Samuel oordeel Saul se optrede was dwaas. En die rede hoekom Saul se optrede dwaas was, was omdat hy nie die opdrag wat die Here sy God aan hom gegee het uitgevoer het nie. Wel, watter opdrag van die Here het Saul nie uitgevoer nie? Sekerlik was die fout wat Saul gemaak het die feit dat hy self die brandoffer gebring het. Natuurlik was dit nie sy rol as koning om die offers te bring nie. En Saul moes dit geweet het weens verskeie redes: In die eerste plek het Samuel vir hom in 1 Sam 10:8 gesê dat hy, Samuel, sal kom om die offers te offer en om dan aan Saul te kenne te gee wat hy moet doen. In die tweede plek het die Here van die koning verwag om 'n kopie van die wet te maak en om dit behoorlik te bestudeer sodat hy die wil van die Here kan verstaan. Tydens die Sinaiverbond is dit baie duidelik gemaak dat dit die rol van die priesters is om die offers te bring – as Saul die wetsvoorskrifte in die Sinaiverbond behoorlik bestudeer het en dit geken het, moes hy dit geweet het. Verder het Samuel sopas in 1 Sam 12 juis klem daarop gelê dat die volk en die koning gehoorsaam moet wees – dit was die fokus van Samuel se afskeidsboodskap, en is deur die Here bevestig. Dit lyk nie of Saul dit ter harte geneem het nie.

Samuel het ook aan Saul die implikasie van sy optrede uitgewys: Sy koningskap sal nie standhou nie. Trouens, die Here het 'n ander man uitgesoek aan wie Hy as leier oor die volk volmag gegee het – en daardie man is 'n man na die Here se hart – by implikasie moet ons aflei dat Saul nie 'n man na die Here se hart was nie.

Asof bogenoemde verwikkelinge nie al ernstig genoeg van aard was nie, was daar nog 'n insident in die oorlog teen die Filistyne: In 1 Sam 13:15b ev lees ons van 'n heldedaad wat Jonatan verrig het. Jy kan die detail self gaan lees. Basies kom dit daarop neer dat Jonatan en sy wapendraer opgeklim het na 'n wagpos van die Filistyne, terwyl die Filistyne hulle kon sien terwyl hulle opklim. Maar toe Jonatan bo kom, het hy en sy wapendraer twintig Filistyne doodgemaak. Lees 1 Sam 14:15 – die gevolg was dat vrees die Filistyne beetgepak het, selfs die land het gesidder – hierdie vrees was 'n vrees wat van God afgekom het. Uit vers 16 blyk dit die Filistyne het uitmekaar gespat – en Saul se verkenners het dit gesien. Op daardie stadium was Saul nie bewus van die feit dat Jonatan die Filistynse wagpos aangeval het nie. Hulle moes eers die manskappe monster om uit te vind wie was weg – en het sodoende uitgevind dat dit Jonatan en sy wapendraer was wat nie teenwoordig was nie.

Lees vers 18. Agija was die priester – hy was die broerskind van Ikabod, Ikabod was Pinehas se seun wat Pinehas se vrou in die wêreld gebring het toe Pinehas in 1 Sam 4 in die destydse oorlog teen die Filistyne gesterf het. Saul het vir Agija gesê hy moet die ark van die Here nader bring. Direk wil mens vir Saul vra: Onthou jy dan nie wat laas gebeur het toe julle die ark van die Here in die laer gebring het in die destydse oorlog teen die Filistyne nie? Lees vers 19-20. Maar terwyl Saul nog met Agija praat, raak die opskudding in die kamp van die Filistyne erger. Ewe skielik stel Saul nie meer in die ark van die Here belang nie – nee, oordeel Saul, daar is nou genoeg verwarring onder die Filistyne, dit is belangriker om nou toe te tree tot die stryd, om die situasie uit te buit en die Filistyne aan te val. Lees vers 23. En die volk het die Filistyne oorwin. Dit klink tog goed, nie waar nie?

Wel, kom ons dink oor Saul se optrede: Weereens is hier verskeie aspekte wat mens bekommerd maak: Aan die een kant wil Saul hê die ark van die Here moet in hulle teenwoordigheid wees – dit op

sigself is egter ‘n twyfelagtige benadering – dink maar net aan 1 Sam 4. Maar die feit dat Saul toe skielik van opinie verander die oomblik toe hy sien die verwarring onder die Filistyne word groter, maak dit nog meer twyfelagtig. Dink daaraan: daar is ‘n wonderwerk besig om voor die oë van Saul af te speel – die Here verwar die Filistyne. Die een oomblik wil Saul weet wat die Here wil dat hy moet doen – en vra vir die verbondsark; maar die volgende oomblik besluit hy dat hy nie meer die leiding van die Here nodig het nie; nee, hy oordeel hy kan nou self die Filistyne gaan oorwin. Al met al moet ons die gevolgtrekking maak, Saul gee voor hy soek die wil van die Here, maar nie net soek hy dit op ‘n twyfelagtige manier nie, voor hy nog die antwoord van die Here ontvang, glo hy hy weet self wat om te doen, sonder om werklik te begryp dit is die Here wat die Filistyne verwar.

Vanaf vers 24 lees ons dat Saul sy manskappe onder druk geplaas het: Hy het naamlik hulle ‘n eed laat sweer dat hulle niks sal eet voordat hulle nie die Filistynse agtervolging afgehandel het nie. Die realiteit was dat hulle tydens die agtervolging in ‘n bos gekom het waar daar heuning was – maar niemand het gedurf om te eet van die heuning nie – weens Saul se eed. Jonatan was egter onbewus van hierdie eed – en gevolglik het hy wel van die heuning geëet, wat hom wel nuwe energie gegee het. Maar die manskappe het nie geëet nie.

Alhoewel hulle die Filistyne ‘n goeie neerlaag toegedien het, was die manskappe baie moeg en honger. Hulle het van die Filistyne se kleinvee, beeste en kalwers geneem, dit op die grond geslag – en met bloed en al geëet. Lees verse 33-34. Toe Saul dit hoor, was hy ontsteld – want die volk moes nie vleis eet met die bloed daarin nie. Die punt om raak te sien is dat Saul nie onkundig was oor die wetsvereistes van die Here nie. Hy het gevolglik gesorg dat daar ‘n klip was waarop hulle die diere kon slag en eers die bloed dreineer voor hulle dit eet.

Hierna wou Saul die agtervolging van die Filistyne voortsit, deur die loop van die nag. Maar die priester het gesê hulle moet eers die Here raadpleeg om te verstaan of hulle dit moet doen of nie. Saul het ingestem. Maar die Here het nie geantwoord nie. Lees vers 38. Saul het besef die probleem is dat daar ‘n sonde in hulle midde gepleeg is. Die Here het toe gewys dat die sonde nie by die volk was nie, maar wel by Saul of Jonatan. En vervolgens het die Here gewys dit lê by Jonatan – omdat hy teen die eed van Saul van die heuning geëet het. Saul het geoordeel Jonatan moet sterf, maar die volk het Jonatan beskerm – lees vers 45. Die volk het geredeneer dit is verregaande – immers het die Here aan hulle die oorwinning gegee deur die optrede van Jonatan. Jonatan se lewe is gevolglik gespaar, maar die verdere agtervolging van die Filistyne is gestaak.

Weereens sien hoe Saul eenvoudig uit pas was met wat besig was om te gebeur. Hy is die koning, maar Jonatan lei as’t ware die stryd. Saul lê die volk ‘n sinlose eed op wat nie net lei tot ‘n klomp swak en honger manskappe nie, maar hy het boonop onwetend die lewe van Jonatan bedreig – die een deur wie die Here besig was om die oorwinning te gee. Hy was selfs bereid om die verdere agtervolging te hervat, sonder om die wil van die Here te vra – Agija moes hom eers stop. Onthou, een van die vereistes waaraan die koning moes voldoen, was om ontsag vir die Here te hê – maar weereens wys Saul se optrede dit is nie waar van hom nie. En dit alles selfs na Samuel hom pertinent daarop gewys het hy is nie besig om die opdragte van die Here uit te voer nie.

<u>Saul se ander oorloë (1 Sam 14:47-52)</u>

In 1 Sam 14:47 ev lees ons ‘n opsomming van verskeie oorloë wat Saul gevoer het – daar word verwys na oorloë teen die Moabiete, die Ammoniete, die Edomiete, teen Soba, teen die Filistyne en teen die Amalekiete. Ons lees Saul het dapper opgetree en het die volk gered uit die hande van hulle plunderaars. Daar was dus meer oorloë as die paar waarvan ons nou gelees het, en ons kan dus die

afleiding maak dat die paar waarvan ons in meer detail in die Bybel lees, is spesifiek opgeteken omdat die Here daardeur aan ons iets wil openbaar oor die koningskap van Saul.

Gebeure tydens die oorlog teen die Amalekiete (1 Sam 15:1-35)

In 1 Sam 15 lees ons van nog 'n oorlog – die keer is dit 'n oorlog teen die Amalekiete. Lees verse 1-3. Die Here het Samuel na Saul gestuur met die spesifieke opdrag dat hy teen die Amalekiete moet gaan oorlog voer, en die opdrag het spesifiek ingesluit dat Saul en die volk die Amalekiete met die banvloek moes tref – m.a.w. alles en almal moes doodgemaak word – alle mense en ook alle diere.

Die rede waarom die Amalekiete met die banvloek getref moes word, gaan terug na die gebeure in Eks 17 – lees Eks17:8-9. Die volk was op pad vanaf Egipte na die berg Sinai. By Refidim het die Amalekiete teen die volk oorlog kom maak. Dit was daardie oorlog waar Moses op die heuweltop was, en solank hy sy hande omhoog gehou het, het die volk gewen, as hy hulle laat sak, het die Amalekiete gewen. Op die ou end het Josua en die volk gewen. Maar lees vers Eks 17:14. Lees ook Deut 25:17-19. Dit is duidelik, die Here het in die woestyn al die opdrag gegee dat die Amalekiete uitgeroei moet word. En nou kom Samuel na Saul toe met die opdrag om dit te gaan doen – daarom moet die Amalekiete met die banvloek getref word.

Lees 1 Sam 15:7-9. Alhoewel Saul die Amalekiete verslaan het, het hy nie alles met die banvloek getref nie: nee, hy het Agag, die koning, en ook die beste en naasbeste kleinvee, beeste en ramme gespaar. Die swak diere is egter wel met die banvloek getref.

Lees verse 10-11. Hier lees ons die uitspraak van die Here oor Saul se optrede: Die Here sê Hy is spyt dat Hy Saul as koning aangestel het. En die rede hiervoor is dat Saul van die Here weggedraai het en nie Sy opdragte uitgevoer het nie. Samuel was erg ontsteld en bid die heelnag deur.

Dan gaan konfronteer Samuel vir Saul. Lees verse 13-15. Saul wil nog voorgee dat hy wel die opdrag uitgevoer het, maar Samuel konfronteer hom oor die geblêr van die kleinvee, en die gebulk van die beeste. Saul wil voorgee die beste diere is gespaar sodat hulle dit aan die Here kan offer. Lees verse 17-19. Samuel reageer en herinner Saul hy is die koning, hy is die hoof van die volk – die Here verwag van Saul as koning dat hy die volk sal lei om die opdragte van die Here akkuraat uit te voer. Die Here hou Saul verantwoordelik. Waarom het Saul dan nie toegesien dat die volk reg optree nie?

In verse 20-21 redeneer Saul weer hy het die Amalekiete met die banvloek getref – ja, hy het Agag gespaar, maar dit is al. En dit is die volk wat die beste diere gespaar het met die doel om dit te offer. Lees vers 22-23. Samuel verduidelik die Here het vreugde in gehoorsaamheid, eerder as in offers – selfs al is dit offers van die beste diere. As hulle werklik die opdragte gehoorsaamheid uitgevoer het, sou die Here meer vreugde gehad het as wat Hy sal hê in al die offers waarvoor Hy nie gevra het nie. Saul, as hulle koning, moes toegesien het dat hulle dit verstaan en uitvoer. Maar, nou was hulle opstandig en eiesinnig – en vir die Here is dit ekwivalent aan waarsêery (immers besluit hulle nou self wat is waar en vir die Here aanvaarbaar) en afgodery (immers besluit hulle nou self hoe om die Here te dien). Omdat Saul die woord van die Here verwerp het, verwerp die Here hom nou as koning. Onthou, hoe ons laasweek gesien het dat Samuel bekommerd was dat die volk die Here verwerp het as hulle Koning deur vir 'n koning te vra, en, onthou, die Here het met Samuel saamgestem. Maar nou verwerp die Here Saul as koning, omdat hy die woord van die Here verwerp het.

Lees vers 24. Saul erken hy het gesondig – hy erken hy het meer ontsag vir die manskappe gehad as vir God. Een van die vereistes van 'n koning was juis dat hy ontsag vir God moet hê. Saul het hierin gefaal.

Lees verse 27-29. Toe Samuel wil wegloop, wil Saul hom keer en gryp die soom van sy mantel – en dit skeur. Weer bevestig Samuel aan Saul dat die Here die koningskap van Israel van Saul afgeskeur het, en Hy het dit aan sy medemens gegee wat beter is as hy. En voeg Samuel by: die Here het nie spyt daaroor dat Hy die koningskap van Saul af weggeneem het nie. Die Here het besluit, en Sy besluit staan vas, en Hy is tevrede met Sy besluit. Die Ewige van Israel breek nie Sy woord nie. Hy is nie soos 'n mens wat later spyt sal kry oor Sy besluit nie. Nee, die Here se besluit is finaal – en Hy is oortuig dit is die regte besluit.

In verse 32-35 lees ons dat Samuel vir Agag doodgemaak het, en ook dat Samuel tot die dag van sy dood nie weer vir Saul gesien het nie. Die Here was spyt dat Hy Saul koning gemaak het, maar die Here was nie spyt dat Hy die koningskap van Saul af weggeskeur het nie.

<u>Hoekom die Here Saul verwerp het as koning, alhoewel Hy hom vroeër aangestel het</u>

Kom ons som die gebeure kortliks op, en ons kyk of dit ons help om sin te maak uit hierdie gebeure.

Kom ons som eerstens op wat die Here van die koning verwag het: Uit Deut 17 weet ons dat die koning deur die Here aangewys moes word en 'n lid van die volk moes wees. Saul het hieraan voldoen – hy was uit die stam Benjamin, en hy is deur die Here self aangewys as die een wat Samuel moes salf. Die Here het ook verwag dat die koning hom moet ingrawe in Sy wetsvoorskrifte. Verder moes die koning ontsag hê vir die Here. Uit Deut 17 en uit Samuel se afskeidsboodskap was dit ook duidelik dat die Here van die koning gehoorsaamheid verwag het.

Kom ons dink oor wat die volk van die koning verwag het: Die volk wou iemand gehad het wat oor hulle regeer en iemand wat hulle oorloë vir hulle kon voer. En kom ons wees eerlik – Saul het verskeie oorloë gevoer en hy het dit selfs met sukses gevoer. Ons lees van sukses in die oorloë teen die Ammoniete, teen die Filistyne, en selfs ook teen die Amalekiete – en daar is nog meer nasies waarteen hy sukses behaal het. Tot 'n groot mate het Saul voldoen aan die verwagtinge van die volk.

As dit waar is, wat was dan die probleem wat aanleiding gegee het daartoe dat die Here hom as koning verwerp het? Wel, ons het verskeie problematiese optredes van Saul gesien:

- In die stryd teen die Filistyne het Saul self die brandoffer gebring toe Samuel nie betyds opgedaag het nie – dit was teen Samuel se voorskrif en teen die Here se wetsvoorskrifte oor wie die offer mag bring.
- Saul wou die een oomblik die ark van die Here teenwoordig hê in die stryd teen die Filistyne, en die volgende oomblik lyk dit of hy kan regkom sonder die Here – sonder om te waardeer dit is die Here wat die verwarring onder die Filistyne bewerk het nie. Hy is blind vir die werk van die Here, en soek nie met ontsag na die wil van die Here nie.
- Saul lê 'n ondeurdagte eed op die manskappe in die stryd teen die Filistyne, wat amper Jonatan se lewe kos – die een deur wie die Here die oorwinning gegee het. Boonop was Saul weer gereed om die agtervolging voort te sit, sonder om eers die wil van die Here te soek. Weereens is Saul blind vir die werk van die Here, en soek hy nie met ontsag na die wil van die Here nie.
- In die stryd teen die Amalekiete is Saul nie akkuraat in die uitvoer van die Here se wil nie. As koning wat hom verdiep in die wet van die Here, moes hy verstaan het wat die agtergrond is waarom die Amalekiete met die banvloek getref moes word. En selfs nadat Samuel dit spesifiek aan hom uitwys, spaar hy Agag se lewe en die beste diere. Weereens is hy onsensitief vir wat die Here besig is om te bewerk, hy verstaan nie dat hy as koning die verantwoordelikheid gegee is om die oordeel wat die Here al lankal oor die Amalekiete aangekondig het, uit te voer nie. Hy spaar Agag se lewe, hy redeneer die Here sal tevrede

wees met die offer van die diere, hy is opstandig en eiesinnig – terwyl hy ontsag vir die Here moes hê, en instrument moes wees waardeur die Here Sy oordeel kon uitvoer.

Al met al moet ons sê Saul het tekort geskiet in die Here se verwagtinge van ‘n koning. En daarom maak dit sin dat die Here Saul as koning verwerp het.

Maar, daar is steeds dinge wat pla: Het die Here dan nie geweet dat Saul so sou optree nie? En as die Here geweet het, hoekom het die Here hom gekies en gesalf as koning? Het Saul die Here teleur gestel? Immers sê die Here self in 1 Sam 15:11 en 35 dat Hy spyt was dat Hy Saul as koning aangestel het. Het die Here dalk ‘n fout gemaak met sy aanstelling? Vergelyk dit met 1 Sam 15:29 waar Samuel sê die Here sal nie Sy woord breek oor die feit dat Hy die koningskap van Saul af weggeskeur het nie – die Here sal nie spyt kry daaroor nie, want die Here is nie ‘n mens nie. Maar die Here het dan wel spyt gekry dat hy Saul koning gemaak het. Hoe rym dit met die feit dat die Here nie spyt sal kry oor Hy Saul se koningskap weggeskeur het nie?

Geliefdes, weereens moet ons onthou ons lees openbaringsgeskiedenis. Die doel met hierdie gebeure is nie dat die Here ons wil leer Hy is nog op soek na ‘n goeie koning vir Israel nie. Nee, die Here is besig om ons te leer – en Hy wil ons leer hoe die Koning moet lyk aan wie ons ‘n behoefte het. Miskien moet ek eerder sê: deur die geskiedenis van Saul wil die Here ons leer hoe die Koning aan wie ons behoefte het, nie moet lyk nie!

Onthou die drie vraagstukke waarop ons antwoorde soek sedert Gen 3: Hoe gaan die Here ons sondeskuld aanspreek? Hoe gaan die Here ons sondegeneigdheid aanspreek? Hoe gaan die Here die duiwel se kop vermorsel? Ons weet nou al die sondeskuld gaan deur ‘n Hoëpriester aangespreek word – maar dit gaan ‘n besondere Hoëpriester moet wees – Een wat nie self sondeskuld en sondegeneigdheid het nie. Laasweek het ons begin sien dat die Here waarskynlik die koningsrol wil gebruik om ons te leer hoe Hy die duiwel se kop gaan vermorsel. Ons het dit afgelei, omdat die volk juis wou hê die koning moet hulle oorloë voer. Die teenwoordigheid van oorloë is juis die gevolg van die stryd tussen die vrou en die slang, en die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang. As daar ‘n koning kan kom wat die duiwel kan oorwin, dan is vraagstuk 3 aangespreek.

En nou is Saul die koning wat die Here aangewys het. En bykans alles wat ons oor Saul lees, is verwant aan oorloë teen ‘n verskeidenheid heidense konings – wat almal natuurlik volgelinge van die duiwel is. Natuurlik skep ons moed uit al die oorwinnings wat Saul oor die konings behaal – ja, al met al is die duiwel se kop nog nie vermorsel nie, maar ten minste beweeg die geskiedenis in die regte rigting.

Die groot teleurstelling is dat Saul as koning telkens die hand van die Here in die oorloë miskyk. Telkens verval Saul in optredes waar hy eiesinnig optree – hy offer, hy wil die verbondsark by hom hê, dan weer nie, hy soek nie na die wil van die Here voor hy optree nie, en selfs as hy spesifiek gesê word om die Amalekiete met die banvloek te tref, spaar hy Agag se lewe. Dink oor die implikasies van hierdie optrede van Saul: Gestel die ware Koning na wie Saul moes wys, ontvang die opdrag van die Here om die duiwel met die banvloek te gaan tref deur sy kop te vermorsel – maar dan tree daardie Koning op soos Saul wat Agag se lewe spaar – dit sou beteken dat daardie Koning nie die duiwel oorwin nie, en dit sou beteken vraagstuk 3 staan steeds!

Sien jy? Die groot probleem met Saul is dat hy ook ly aan sondegeneigdheid, en gevolglik het hy ook sondeskuld. Ons begin dieselfde sien as wat ons destyds by Eli as hoëpriester gesien het: omdat Eli tot sonde geneig was, omdat hy selfs sondeskuld gehad het, omdat die duiwel hom steeds verlei het, was hy nie effektief as hoëpriester nie. Ons leer die beginsel dat die Here die sondeskuld vraagstuk deur die werk van ‘n Hoëpriester gaan aanspreek – maar daardie Hoëpriester is nie Eli nie – nee, dit

gaan ‘n besondere Hoëpriester moet wees. Dieselfde is nou waar van Saul: Ja, ons leer dat die koning die stryd voer teen die volgelinge van die duiwel. Maar Saul is geneig tot sonde, gevolglik het hy sondeskuld, en boonop smokkel Agag, een van die duiwel se volgelinge, met sy kop – soveel so dat Saul sy lewe spaar. Ja, die beginsel dat die duiwel deur ‘n Koning oorwin gaan word, word duidelik. Maar, weereens gaan dit ‘n besondere Koning moet wees – Een wat beter is as Saul (1 Sam 15:28), Een wat na die hart van die Here is (1 Sam 13:14).

As die Here sê dat Hy spyt is Hy het Saul aangestel, bedoel die Here nie daarmee Hy het ‘n fout gemaak nie. Nee, Hy het Saul doelbewus aangestel wetende dat Saul sou optree soos wat hy opgetree het – die Here het hom aangestel om aan ons te wys hoe uniek die ware Koning moet wees wat wel die kop van die slang van die slang sal vermorsel. Maar omdat die Here heilig is, het Hy nie behae daarin om Saul van sy koningskap te onthef nie – netsoos wat die Here nie behae het in sondaars wat verlore gaan nie. Die Here verlekker hom nie daarin om Saul te onthef nie – nee, die Here doen dit met ‘n swaar hart – maar dit moet gedoen word sodat ons kan leer oor die uniekheid van die Koning wat ons benodig. Die Here onthef Saul nie omdat Hy as die Here met Saul ‘n fout gemaak het nie, nee, Hy onthef hom want die beginsel wat die Here deur Hom wil demonstreer is duidelik gemaak. Daarom gaan die Here ook nooit spyt kry omdat Hy Saul onthef het nie, want die rol wat Saul moes vervul is afgehandel.

Geliefdes, ek hoop dit is duidelik: Die Here leer ons ‘n koning met sondeskuld en sondegeneigdheid, wat boonop simpatiseer met Agag wat ‘n volgeling van die duiwel is, kan eenvoudig nie deug om die kop van die duiwel te vermorsel nie – nee, dit gaan ‘n besondere Koning benodig. Die verdere openbaringsgeskiedenis wil ons steeds meer leer oor hoe hierdie Koning!